# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2014

EKSAMEN

GRAAD 10

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit *13* bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | KORTVERHALE | (35) |
| AFDELING B: | GEDIGTE | (35) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord AL die vrae wat volg.

**VRAAG 1: Die trompet van Triton - Solet Scheepers**

Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae.

| |
|---|
| *'n Vreemde deuntjie wat oor die sand aangewaai kom, oor my ore spoel, deur my lyf trek en tot in die verste kamer van my hart dring. Musiek so droefgeestelik dat my wange nat word van trane. Dat my hart voel asof dit wil breek. My voete gaan staan vanself stil. Moedeloos gaan sit ek op die sand. Ek laat sak my kop op my arms en huil. Sommer oor alles.* |

1.1 Watter musiekinstrument speel die "vreemde deuntjie" wat die spreker hoor? [1]

1.2 Hoe het hierdie "vreemde deuntjie" die spreker laat voel? [1]

1.3 Die spreker huil "sommer oor alles". Noem een van die redes waarom sy huil. [1]

| |
|---|
| Wag nou," sê 'n krakerige stem bokant my, "so erg kan dit tog nie wees nie."<br>Ek kyk verbaas op. |

1.4 Voltooi die volgende sin. Kies die korrekte woord uit die blok en skryf net die woord as antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| trompet | musikant | dirigent |

Ons vind later in die verhaal uit dat die ou man wat met haar praat, 'n belangrike ……… is. [1]

1.5 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter as antwoord neer.

Die ou man met die "krakerige stem" sê dankie vir die see omdat

A. hy baie van die see hou.
B. hy vis uit die see kan vang.
C. sy gunsteling musiekinstrument van die see kom.
D. hy baie van die TV-program "*The Little Mermaid" hou.* [1]

1.6 Watter bynaam gee die ou man die spreker? [1]

| |
|---|
| "Maar ek wil nie na musiek gaan luister nie," sê ek hard terwyl ek voel hoe 'n aaklige woede in my opstoot. "Ek stel nie belang in jou en al jou klassieke musiek nie!" |

1.7 Watter is die spreker se pa se beroep? [1]

| |
|---|
| Die portier staan voor die deur met 'n pakkie in sy hand.<br>"Dit is vir jou by ontvangs afgelewer," sê hy hoflik. |

1.8 Noem die twee dinge wat in die pakkie is. [1]

1.9 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.

Die spreker se pa sê dat musiek die belangrikste ding in sy lewe is. [2]

(10)

**VRAAG 2: Verkeerdelik aangekla – E Evans**

Lees al die uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae wat volg.

| |
|---|
| *Lynn se hart klop woes. Durf sy dit doen? Die assistent sien haar huiwer en vra in 'n verveelde stemtoon: "Wil jy die hanger hê?". Om eerlik te wees wil sy nie eers die simpel bloese hê wat die meisie pas in 'n plastieksak geprop het nie.* |

2.1 Wat het gebeur dat Lynn se hart so woes klop? [1]

2.2 Waarom móés Lynn 'n nuwe bloes koop? [1]

2.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter as antwoord neer.

Lynn het die simpel bloes

A. by 'n uitverkoping gekoop
B. by 'n boetiek gekoop
C. van Fran as geskenk gekry
D. as 'n geskenk gekoop [1]

2.4 Wie se handtekening het Lynn vervals? [1]

| |
|---|
| "'n Onverwagte gelukskoot," sê Lynn eerlik. "Terloops, daar's twee briewe vir jou," sê Fran. |

2.5 *Kies uit die volgende woorde om die paragraaf te voltooi. Skryf net die nommer en antwoord neer.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| prokureursfirma | advokaat | persoonlike assistent | troue |
| bosbessierooi stel glase | verjaarsdag | bosbessierooi glasbak | |

In die eerste brief wat Lynn oopmaak word sy 'n werk as 2.5.1…………by 'n 2.5.2……aangebied. In die tweede brief vra haar ma of sy nie vir haar ouma se 2.5.3……..kan kom nie. Lynn koop later vir haar ouma 'n 2.5.4………… as geskenk.

[2]

| |
|---|
| *Sy loop terug motor toe. Watter stommerik was sy nie! Sê nou sy is gevang!* |

2.6 Wat het Lynn gedoen net nadat sy haar ouma se geskenk gekoop het op pad na haar motor toe? [1]

*"Sy is op borgtog uit, word van moord op haar man aangekla," antwoord haar baas. "Die polisie het glo 'n ooggetuie wat haar die huis sien verlaat het. Maar gelukkig sê ons kliënt sy kan bewys sy was elders."*

2.7 Kies die antwoord wat **nie korrek** is nie neer. Skryf slegs die letter as antwoord neer.

"Sy" wat in die uittreksel van moord aangekla word, is

A. Mev. Doland
B. Fran
C. Cara Neal
D. Die vermoorde se vrou [1]

2.8 Wat was mev. Doland se nooiensvan (maiden name)? [1]

2.9 Voltooi die volgende sin deur een woord neer te skryf.

Lynn het die aangeklaagde vrou 'n perfekte ...... gegee. [1]

(10)

**VRAAG 3: Gulsige Harry - Jack Byrne**

Lees die uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae wat volg.

*Harry Black trek sy das reg, skiet sy sigaret weg en vee weerbarstige hare met spoeg plat voordat hy die deurklokkie lui.*

3.1 Wat het Harry in sy jas se sak gedra? [1]

*"O, Harry..." Die vrou glimlag flou en kyk na haar horlosie. "Wat 'n verrassing."*

3.2 Hoe weet ons dat Muriel nie Harry se besoek verwag het nie? [1]

3.3 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord.

3.3.1 As 'n mens deur Muriel se huis loop, kan jy sien dat sy baie geld het. [2]
3.3.2 Muriel was 'n mediese dokter voor haar troue. [2]

3.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter as antwoord neer.

Wat was die werklike rede vir Harry se besoek?

A. Hy hou baie van Muriel en sien 'n toekoms saam met haar.
B. Hy wou haar kosbare paddas steel en wegkom voor die polisie opdaag.
C. Hy stel belang om meer van die giftige pylpaddas te leer.
D. Hy wou die lewende paddas steel en Muriel doodmaak. [1]

3.5 Muriel was nie bang vir Harry nie omdat sy geweet het dat die paddas haar sou red.

3.5.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? Sê Ja of Nee. [1]
3.5.2 Motiveer jou antwoord. [1]

3.6 Noem een van die simptome van vergiftiging wat Harry gehad het. [1]

(10)

**VRAAG 4: Filmstudie: Ouma se slim kind**

4.1 Wat wou die kinders aan die begin van die verhaal van Fan-Jan hê? [1]

4.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter as antwoord neer.

Poppie was

A. die skoolmeisie se naam
B. 'n vark
C. Ouma se regte naam
D. die buurman se dogter [1]

4.3 Waarom wou die weeshuis nie Kareltjie inneem nie?

A. Hulle neem net meisies in
B. Hy was verstandelik stadig (maansiek)
C. Ouma het nie geld gehad om vir hom te betaal nie
D. Hy was al te oud [1]

4.4 Kareltjie en Fan-Jan het baie goeie vriende geword nadat die bye Kareltjie aangeval het.

4.4.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR. [1]

4.4.2 Motiveer jou antwoord. [1]

4.5 Wat het Fan-Jan vir Kareltjie belowe? [1]

4.6 Watter ontstellende (shocking) nuus het die beampte gebring? [1]

4.7 Voltooi die paragraaf deur van die volgende woorde te kies. Skryf net die nommer as antwoord neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| af te brand | Gert | Poppie | Steyn | Ouma |
| dood | met klippe te gooi | | | |

Een van die boelies, 4.7.1....... wou wraak op Fan-Jan en Kareltjie neem deur die huis 4.7.2.......... Kareltjie het 4.7.3.... gered maar is in die proses self 4.7.4........... [2]

4.8 Aan die einde van die verhaal dans Fan-Jan op Kareltjie se graf want Kareltjie het eenkeer gesê dat

A. dit respek wys
B. die dooies weer lewend kan word
C. die dooies saam dans
D. dit goeie oefening is [1]

(10)

**VRAAG 5: Erik se T-hemp - Marisa Haasbroek**

Lees al die uittreksels noukeurig deur en beantwoord al die vrae.

5.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die letter as antwoord neer.

Van Erik se veertiende verjaarsdag het hy 'n moeilike kind begin word omdat

A. hy 'n tiener geword het
B. sy ouers geskei het
C. hy verkeerde vriende gekies het
D. hy dwelms begin gebruik het. [1]

| |
|---|
| Van sy veertiende verjaarsdag af het dinge net al hoe moeiliker geword.<br>Hoe kan ek dink dit sal anders wees op dié belangrike dag? |

5.2 Wie is die spreker in die aanhaling? [1]

5.3 Wat gebeur "op dié belangrike dag"? [1]

5.4 Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter as antwoord neer.

Op hierdie belangrike dag stry hulle omdat Erik

A. nie 'n boordjiehemp onder sy toga wil dra nie
B. nie sy toga wil dra nie
C. 'n das saam met sy T-hemp wil dra
D. sy vriend met die lang kuif wil saambring. [1]

5.5 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoorde.

5.5.1 Erik se pa het na hierdie belangrike gebeurtenis gekom. [2]

5.5.2 Erik se ma huil aan die einde van die verhaal omdat sy skaam vir haar seun is. [2]

5.6 Hoe het Erik finansieël help bydra (contribute) tot sy universiteitsopleiding? [1]

5.7 Wat is die tema vir hierdie verhaal? [1]

(10)

TOTAAL VIR AFDELING A: 50 (VERWERK NA 35)

## AFDELING B: GEDIGTE

Lees elke keer die gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

### Vraag 1 : Om groot te word

**Om groot te word**

(Maryke Heyns)

Om groot te word
is so tussenin. 1
Grootmensdinge is nog ver,
kinderdinge word min.

Kom ons lag weer vrolik
vir die maan se vet, geel gesig.
Kom ons bring weer die trane
oor 'n dooie voëltjie terug. 2
Kom ons eet weer slap-tjips
en lek ons vingers af.
Kom ons word weer kinders.
Kom, ons word weer laf

Nou huil ons in 'n kussing
en wonder waarom. 3
Nou raak ons verlief
en dink die wêreld glimlag krom.
Nou's ons so tussenin, vals noot,
want: ons word groot.

Uit: Poort 1974

Vrae:

1.1 Wie is die spreker in die gedig? 1

1.2 Watter woord in die gedig sê dat die spreker nóg 'n kind, nóg 'n volwassene is? 1

1.3 Die woord "slap-tjips" is 'n beter woord om te gebruik as aartappelskyfies.

1.3.1 Stel jy saam met bogenoemde stelling? Sê JA/NEE. 1

1.3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

1.4 Waarom praat die spreker van "ons" in plaas van "ek"? 1

1.5 Haal 'n voorbeeld van personifikasie uit strofe 2 aan. 1

1.6 Gee 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 3. 1

1.7 Haal een versreël aan wat bewys dat dit nie maklik is om jou hart op hierdie ouderdom te verloor nie. 1

[8]

Vraag 2: Ma

Ma (Antjie Krog)

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig
sonder fênsie leestekens
sonder woorde wat rym
sonder bywoorde
net sommer
'n kaalvoet gedig –

want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand
vir jou Here God
jou moesie-oor is my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my breekwater teen die lewe

ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.

Uit: Dogter van Jefta

Vrae:

2.1 Pas die beeldspraak in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.1.1 Rymskema in die gedig. | A. Progressie |
| 2.1.2 "Krom klein handjies" | B. Metafoor |
| 2.1.3 "jou leiklipkop" | C. Vrye vers |
| 2.1.4 "ek is so jammer mamma" | D. Alliterasie 4÷2=2 |

2.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer neer.

2.2.1 "***jy beitel my met jou swart oë***", beteken

A. Jy kap my in stukkies
B. Jy praat met my
C. Jy kyk kwaai na my. 1

2.2.2 'n "***leiklipkop***" verteenwoordig

A. 'n gryskop persoon
B. 'n grafsteen
C. 'n molshoop 1

2.3 Die spreker is tevrede met hoe sy uitgedraai (turned out) het as persoon.

2.3.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? Sê JA/NEE. 1

2.3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

[6]

Vraag 3: Die gesteelde TV

Die gesteelde TV - Peter Snyders

1 Wiet julle,
dai was 'n cruel ding
wat ôs gedoenit
ommie Old Age Home
se TV te steel.

2 Dink maar net:
Die ienagste plesier vannie senior citizens -
Wat dink julle discuss hulle nou?
Die gesteelde TV.

3 En hoe spend hulle hulle lonely nights?
Hulle kyk met blênk loeks
narie blênk spot
waarie TV gestaanit

4 Niks meer laat aane,
niks meer news,
niks meer kinnesprograms,
ennie kêk was saam merrie TV gesteel.

5 Terug na Springbokradio -
television sonner pictures.
Jig!

6 Dai klomp ou biene
het nou veels te veel tyd
om hulle kwale te re-examine.

7 Nei, ouens,
ôs was varke
om hulle boks speelgoed soema soe af te vat.

8 Ek sê:
Vanaand briek ôs weer in
byrie Old Age Home
en sit dai biênk bierrie ding terug.

Vrae:

3.1 Wat noem ons die tipe Afrikaans wat die spreker praat? 1

3.2 Watter wrede ding het die spreker en sy maats gedoen? 1

3.3 Sê of die volgende stellings WAAR/ONWAAR is. Haal uit die gedig aan om jou antwoord te bewys.

3.3.1 Die ou mense bespreek nou die weer. 2

3.3.2 Die ou mense kan darem nog na die kerkprogram kyk. 2

3.4 Wat het die spreker en sy maats besluit om aan die einde van die gedig te doen? 1
[7]

Vraag 4: Ek het 'n huisie by die see

## Ek het 'n huisie by die see - H.A. Fagan

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hierbinne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

Vrae:

4.1 Gee een bewys waarom hierdie gedig 'n (Engelse) sonnet genoem word. 1

4.2 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.2.1 "aaneen, aaneen" | A. Gehoorsintuig |
| 4.2.2 "Ek hoor die winde huil" | B. Herhaling |
| 4.2.3 "'n kreun, 'n klag soos van verlore siele in hul nood" | C. Personifikasie |
| | |
| 4.2.4 "Ek hoor" | D. Vergelyking |
| | E. Alliterasie 4÷2=2 |

4.3 Beskryf die atmosfeer in a. Strofe 1 en

b. Strofe 2. 2

4.4 Wat verskaf hitte in die huis? Haal een woord aan as antwoord. 1

4.5 Op wie vertrou die spreker om hom/haar te beskerm? 1

[7]

Vraag 5: Jou ma se skuld

Jou ma se skuld (Bron: Skrywers van die handboek)

Is jy dalk Mohammed of Jesus gedoop?
Dan sal jy vir ewig altyd tweede loop.
Daar's iemand veel bekender as jy
wat met daardie naam onthou sal bly.

Het jy dalk James, John, Matthew, Mark,
Johanna of Katrina as naam gekry?
Weet dan maar hulle het gekruisig
of verbrand vir jou sieleheil gely.
Sameflansings is nou hoogmode –
party daarvan te snaaks vir woorde
Ma-han-dia, Stefanrina of Joe-Wayne?
Dis nie 'n naam nie! Dis 'n pyn!

Ons slawe-herkoms is te sien
in maande wat as vanne dien –
van Jannewarie tot doer by Nouwember
"Dis lat ôs hulle ammal kan remmember!"

'n Naam dra jy jou lewe lank –
vir wie kan jy dus maar bedank
as jy opgeskeep sit met 'n etiket
wat ander net gebruik as pret?
Daar's net een vir wie jy kan verkla:
Dié een is niemand anders as ...
Jou Ma!

<u>Vrae:</u>

5.1 Wat sal met jou gebeur as jou naam Mohammed of Jesus is? Haal ses opeenvolgende woorde aan as antwoord. 1

5.2 Wie was "James, John, Matthew, Mark" in die Bybelse tyd gewees? 1

~~5.3 Gee een voorbeeld uit die gedig vir 'n sameflansing.~~ 1

5.4 Haal een sin uit die gedig aan wat bewys dat die spreker nie van sameflansings hou nie. 1

5.5 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit die vierde strofe aan. 1

5.6 Watter tipe vanne het die slawe gekry? 1

5.7 Wie word (volgens die gedig) blameer vir die naam wat jy ontvang het? 1
[7]

TOTAAL VIR AFDELING B: 35

SOMTOTAAL: 70